# ALGEMENE RAAD

## BESLUITELYS / NOTULE

AGRI NW

**DATUM:** DINSDAG, 15 MAART 2022
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NG KLIPKERK-SAAL, KERKSTRAAT 52, LICHTENBURG

**VOORSITTER:** MNR WILLEM DE CHAVONNES VRUGT

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Mnr Naude Pienaar open die vergadering met Skriflesing uit Openbaring 2:4 en 'n gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Willem de Chavonnes Vrugt, heet almal welkom by die vergadering. | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| ▪ | 11:00 Koffie / Tee en verversings. | | |
| ▪ | Bl 14 en 15 van die Aanhangsels is as 'n los bladsy uitgedeel wat dié in die Algemene Raads-dokument vervang. | | |
| **4.** | **PERSONALIA EN MOSIES** | | |
| **4.1** | **LEEDMOSIES** | | |
| | Geen. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIES** | | |
| ▪ | Mnr Andries Beyers, voormalige President van Agri NW is oorlede. Innige simpatie en sterkte word die familie toegewens. | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Die Presensielys is gesirkuleer vir ondertekening en beskikbaar op aanvraag.<br><u>Verskonings is ontvang vir:</u> | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Mnr Daan Lottering — Agri Bloemhof<br>Mnr Barry Badenhorst — Agri Delareyville<br>Mnr Jaco Maré — Agri Hartbeesfontein<br>Mnr JM Pieterse — Agri Klerksdorp<br>Me Maryke Grobbelaar — Agri Molopo<br>Me L Scholtz — Agri Ottosdal<br>Mnr Jan Carelse — Agri Setlagoli<br>Mnr Sakkie van Zyl — Agri Wolmaransstad<br>Mnr Johan Theunissen — Agri Wolmaransstad<br>Mnr GF Oosthuizen — Obaro | | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE PUNT 15** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **GOEDKEURING VAN DIE BESLUITELYS / NOTULE EN PRESENSIELYS VAN DIE VORIGE VERGADERING: 2021-10-20** | | |
| ▪ | Die Besluitelys / Notule word as gelese beskou, aangesien dit vooraf aan die Raadslede beskikbaar gestel is. | | |
| ▪ | Met die aanbring van die ondergenoemde wysiging van punt 9.1, Besluit 3 op bl 3 van die Notule word dit op voorstel van mnr Nicol Muller gesekondeer deur mnr Edric Badenhorst goedgekeur. | | |
| (3) | Die laaste sin in die paragraaf word vervang met:<br>Hierdie stap is nodig want Agri SA mag onder die huidige omstandighede geen verdere onttrekkings maak uit hul reserwe fondse vir die gebou wat verkoop en belê is nie. Agri SA benodig dus daarom addisionele fondse om steeds al die dienste te lewer wat nodig is. | | |
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE BESLUITELYS / NOTULE**<br>**SAKE VIR ONMIDDELIKE BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| **8.2** | **SAKE VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| | **NUWE SAKE VIR BESPREKING** | | |
| **9.**<br>**9.1** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD:**<br>**2021/22-Kontantvloeistatustabel: Werklik, Begroot en Vooruitskatting soos op 28 Februarie 2022** | | |
| <br>➢ | <u>KENNISNAME</u>:<br>Die Kontantvleistatusverslag vir 2021/22 is beskikbaar gestel aan die Raadslede. Geen vrae is | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| <br>➢ | daaroor ontvang nie. Aanhangsel bl 9 tot 11.<br>Mnr Boeta du Toit lewer verslag oor die Kontantvloeistatusverslag en meld dat daar besparingsmaatreëls ingestel is sonder om die effektiwiteit van dienste in te boet. | | |
| **9.2** | **Statusverslag vir 2021/22-Affiliasiegeldbetalings ontvang soos op 28 Februarie 2022** | | |
| <br>▪<br>▪<br>▪ | KENNISNAME:<br>Die 2021/22-Affiliasiegeldtabel is beskikbaar gestel aan die Raadslede. Aanhangsel bl 12 tot 13.<br>Dankie aan die Affiliasies wie se 2021/22-Affiliasiegeld ten volle opbetaal is.<br>Uitgawes:<br>Die maandelikse uitgawes word goed bestuur deur die Hoofkantoor.<br>**BESLUITE:** | | |
| **(1)** | **Affiliasies moet ernstig poog om hul jaarlikse verpligtinge teenoor Agri NW na te kom en hul affiliasiegeld betyds en ten volle oorbetaal.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(2)** | **Affiliasies ernstig dog dringend versoek word om hul uitstaande 2021/22-Affiliasiegelde so spoedig moontlik in te samel en oor te betaal. Affiliasies is en bly verantwoordelik vir die insameling daarvan. Affiliasies word versoek om ernstig hieraan aandag te gee, want die nie-invordering van die uitstaande Affiliasiegelde kan 'n geweldige konantvloeiprobleem vir Agri NW veroorsaak en kan meebring dat hul dienste nie ten volle te gelewer kan word nie.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(3)** | **Agri NW-Hoofkantoor en mnr Sarel Pretorius doen maandeliks telefoniese skakeling met die Affiliasies, wie se Affiliasiegelde uitstaande is. Indien die invordering nie na wense oorbetaal word nie moet die inligting aan mnr Cobus van Zyl deurgegee word vir sy optrede. Hierdie is 'n staande reëling wat maandeliks uitgevoer word.** | **Hoofkantoor<br>S Pretorius<br>C van Zyl** | **Deurlopend** |
| **9.3** | **Uitstaande 2020/21-Affiliasiegelde deur Affiliasies** | | |
| <br>**(1)** | **BESLUITE:**<br>**2019/20:** | | |
| **(a)** | **Goedkeuring word deur die Algemene Raad verkry word dat die uitstaande 2019/20-Affiliasiegelde van Agri Marico en Agri Schweizer afgeskryf kan word, aangesien geen gelde vir daardie tydperk verder ingesamel kon word deur die Affiliasies of Agri NW-Hoofkantoor nie.** | **Alg Raad<br>15 Maart 2022** | **Goedkeuring.** |
| **(2)** | **2020/21:**<br>**BESLUITE:** | | |
| **(a)** | **Dank aan mevv Potgieter en Botha van Hoofkantoor, asook mnr Sarel Pretorius vir hul insette met die invorderings van die 2020/21-Uitstaande Affiliasiegelde wat gedoen is.** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (i) | <u>Die bedrag wat ingevorder is deur me Potgieter by Agri Marico en -Schweizer na die Finansiële Jaarafsluiting op 31 Julie 2021 is as volg:</u><br>Agri Marico-Bosveld R 40 133.91<br><u>Agri Schweizer R 3 276.00</u><br>Subtotaal (1) R 43 409.91 | | |
| (ii) | <u>Die bedrag wat deur me Botha en mnr Pretorius by die res van die Affiliasies ingevorder is na die Finansiële Jaarafsluiting op 31 Julie 2021 deur telefoniese skakeling, is as volg:</u><br>Agri Hartbeesfontein R 59 744.57<br>Agri Klippan R 43 478.26<br>Agri Ventersdorp R 36 040.00<br>Agri Potcheffstroom R 9 830.00<br><u>Agri Wolmaransstad R 8 521.74</u><br>Subtotaal (2) R157 614.56<br>Totale bedrag (1) + (2) R201 024.48 | | |
| (b) | <u>Die 2020/21-Affiliasiegelde (BTW ingesluit) van die ondergenoemde Affiliasies wat afgeskryf moet word en op 15 Maart 2022 deur die Algemene Raad goedgekeur is, is as volg:</u><br>Agri Driehoek: R 1 047.84 — Lid het finansiële probleme.<br>Agri Koster: R 3 767.40 — Lid se Dt-order is teruggestuur deur die Bank. Onaktiewe BV en lid betaal nie affiliasiegeld nie.<br>Agri Lichtenburg R 10 362.65 — As Covid-Lede aangesluit vir Permitte. Reageer nie op E-posse of whatsapps nie.<br>Agri Potchefstroom R 22 660.55 — Affiliasie het nie 'n persoon om hul uitstaande affiliasiegelde in te vorder nie.<br>Agri Schweizer R 32 839.26 — Lede het die 2021/22 Affiliasiegeld betaal, maar nie die 2020/21-Affiasiegeld waaroor hul telefonies gekontak is nie.<br>Agri Ventersdorp R 3 178.74 — Lid is nie meer lid vir 2021/22 nie.<br>Agri Vlakdrif R 10 597.11 — BV Sekretaris reageer glad nie op E-posse of telefonies oproepe nie. Heel waarskynlik is hy nie meer die Sekretaris nie.<br>Agri Wolmaransstad R 119.83 — Slegs 'n klein bedrag uitstaande.<br>Virtuele Lede <u>R 29 717.94</u> — As Covid-Lede aangesluit vir slegs Permitte. | Algemene Raad op 2022-03-15 | Goedkeuring vir afskrywing van 2020/21-affgeld. |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | **Die totale bedrag is: <u>R114 291.32</u>** | | |
| **(c)** | **<u>2020/21-Affiliasiegelde reeds afgeskryf deur Algemene Raad op 21 Junie 2021:</u>**<br>**Die ondergenoemde Affiliasies wie lede het wat in die tussentyd oorlede is / verhuis het / hul grond verkoop het of finansiële probleme ondervind het na die Rekonsiliasie van Ledelyste aan die einde van Mei 2021 en voor die aanvang van die 2020/21-Finansiële Jaar op 1 Augustus, het reeds skrywes gerig en versoek dat hierdie lede se affiliasiegelde nie deur hul gevorder sal kan word, aangesien hulle nie meer lid is van die betrokke Affiliasie nie.**<br>**<u>Die ondergenoemde twee Affiliasies is as volg:</u>**<br>**Agri Vorstershoop R7 987.20 Alg Raad reeds goedkeuring gegee vir afskrywing.**<br>**Agri Vrybuyrg R15 651.45 Alg Raad reeds goedkeuring gegee vir afskrywing.** | **Alemene Raad 2021-06-21** | **2020/21-Affiliasiegeld reeds afgeskryf.** |
| **(d)** | **Lede wie se affiliasiegeld afgeskryf word in ‘n finansiële jaar en weer as lid wil aansluit by die Affiliasie moet dan die uitstaande jaar se affiliasigelde betaal plus die nuwe jaar se affiliasiegelde.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **9.4** | **2022/23-Konsepbegroting** | | |
| | Mnr Louis Wessels is verantwoordelik vir die opstel van die 2022/23-Konsepbegroting van Agri NW en lê dit aan die Komitee voor vir bespreking:<br>Die ondergenoemde aannames is gebruik:<br>Affiliasiegeldverhoging: 9.3%.<br><u>Affiliasiegeldbedrae per Lidmaatskapkategorie (BTW uitgesluit)</u><br><u>Affiliasiegeldbedrag:</u> <u>2022/23</u> <u>2021/22</u><br>Platinum: R3723.00 R3407.00<br>Goud: R1863.00 R1704.00<br>Silwer: R 931.00 R 852.00<br>Erelede R 931.00 R 852.00<br><u>Ledetal: Aantal lede per Lidmaatskapkategorieë:</u><br><u>2022/23</u> <u>2021/22</u><br>Platinum: 1135 1156<br>Goud: 425 418<br>Silwer: 385 376<br>Erelede <u>23</u> <u>23</u><br>Totaal <u>1889</u> <u>1910</u><br><u>Salarisverhogings</u>: Daar is slegs 4% begroot. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | <u>Uitgawes:</u> Die uitgawes is sover moontlik aangepas. Die uitgawes word jaarliks goed bestuur deur die Hoofkantoor.<br><u>Agri SA-Affiliasiegeld per lid vir 2022/23:</u><br>Agri SA het die Affiliasiegeld per lid verhoog vanaf R492 per lid na R632 per lid. Dit is 'n verhoging van R140/lid oftewel 28.45%. Mnr Cobus van Zyl meld dat hierdie bedrag in die volgende drie jaar kan verhoog tot R800 per lid. Hy stel voor dat Agri NW die beskikbare surplus fondse *"geringfence"* moet word vir Agri SA se Affiliasiegeld van die lede wat deur Agri NW oorbetaal moet word. Hierdie stap is om te probeer verhoed dat Agri NW nie hul lidmaatskapgelde vir die volgende drie jaar buitensporig moet verhoog nie. Daar was R802 000 vir 2020/21 begroot en vir R950 000 vir 2022/23.<br>**<u>BESLUITE</u>**: | | |
| **(a)** | **Na bespreking van die 2022/23-Konsepbegroting word dit deur die Algemene Raad aanvaar. Die finale begroting word eers tydens die Junie Algemene Raadsvergadering goedgekeur, nadat die rekonsiliasie van die Ledelyste afgehandel is en die ledetalle in die 2022/23-Begroting aangepas is.** | **Alg Raad voorlê op 2022-06-09** | 2022/23-Begroting goedkeur. |
| **(b)** | **Gerekonsilieerde 2022/23-Ledelyste: Die ledelyste moet aan einde van Mei 2022 aan Hoofkantoor teruggestuur word, sodat die finale ledetalle in die 2022/23-Begroting aangepas kan word.** | **Affiliasies.** | Einde Mei 2022 ledelyste rekonsilieer. |
| **(c)** | **Agri SA-Affiliasiegeld: Die geouditeerde ledetalle van die Provinsiale Landbou-Unies is in Maart 2022 deur Agri SA aangevra. Die Brief wat die volle ledetal bevestig is by PricewaterhouseCoopers aangevra en ook reeds aan Agri SA gestuur.** | **Agri SA** | 2022/23-Affgeldbedrag deurgee. |
| **(d)** | **Die steeds stygende brandstof- en dieselpryse kan veroorsaak dat die Reiskoste drasties kan verhoog. In die geval sal daar meer van Zoom-vergaderings gebruik gemaak moet word en net die uiters belangrike vergaderings fisies bygewoon word.** | | |
| **9.5** | **<u>Toepassing van Lidmaatskapkategorieë:</u>** | | |
| | Die Lidmaatskapkategorieë-dokument en die Aansoek om Lidmaatskapvorm is in die Aanhangsels ingebind ter verduideliking en hantering daarvan.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Affiliasies word versoek om hul hiervan te vergewis en hul Lede dienooereenkomstig opwaarts moet aanpas na die regte Lidmaatskapkategorie tydens die rekonsiliasie van Ledelyste aan die einde van Mei 2022.** | **Affiliasies<br>31 Mei 2022** | **Rekonsiliasie van Ledelyste indien by Hoofkantoor.** |
| **(2)** | **Affiliasies moet op grondvlak hul eie oordeelsvermoeë gebruik met die kategorisering van hul lede se Lidmaatskapkategorieë.** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (3) | Affiliasies word versoek om hul insette te lewer oor die Lidmaatskapkategorieë-dokument se uitbreiding of verbetering daarvan, sodat dit tydens die volgende Algemene Raadsvergadering bespreek kan word. | Affiliasies | Insette lewer. |
| (4) | Die Dagbestuur sal tydens hul volgende Dagbestuursvergadering besin oor ‘n voorstel in verband met die Affiliasiegeld en die Lidmaatskapkategorieë, wat hul tydens die volgende Algemene Raadsvergadering op 9 Junie 2022 sal bespreek. | Dagbestuur | Alg Raad voorstel voorlê. |
| (5) | Affiliasies wat belangstel dat die Hoofkantoor hulp moet verleen met dienslewering of ledewerwing, moet met die Hoofkantoor skakel. | Affiliasies | Hulp met dienslewering en ledewerwing deur Hoofkantoor. |
| 10.<br>10.1 | HOOFKANTOORBESTUUR<br>Agri NW-Datumlys 2022 | | |
| | <u>BESLUITE:</u> | | |
| (1) | Me Potgieter sal Agri NW se 2022-Datumlys se wysigings wat noodgedwonge aangebring word deurlopend deurgee aan Affiliasies. | Me Potgieter Affiliasie | Wysigings van 2022-Datumylys deurlopend deurgee aan Affiliasies. |
| (2) | Affiliasies moet hul vergaderingdatums aan die Hoofkantoor deurgee en die Dagbestuur op versoek uitnooi om dit by te woon. | Affiliasies / Dagbestuur | Vergaderingsdatums deurgee. |
| 10.2 | Reorganisasielyste | | |
| | Die jaarlikse indieningsdatum van Reorganisasielyste is 23 Julie.<br><u>BESLUIT:</u> | | |
| (1) | Affiliasies word versoek om hul Reorganisasielyste so spoedig moontlik in te dien, nadat daar gereorganiseer is. | Affiliasies | |
| (2) | Agri NW stuur deurlopend belangrike kommunikasie per E-pos of *Whatsapp* aan alle Affiliasie Voorsitters en Sekretarisse/Sekretaresses, wat dit dan op hul beurt direk aan hul lede moet versend. | | |
| 10.3 | Voorgestelde Grondwet vir Landbouverenigings | | |
| | ‘n Voorgestelde Grondwet vir Landbouverenigings is deur Hoofkantoor en een van die Affiliasies opgestel wat as voorbeeld gebruik kan word en dienooreenkomstig aangepas word volgens hul eie behoeftes. Hierdie Grondwet is reeds beskikbaar gestel aan die Affiliasies, maar kan ook by Hoofkantoor by mev Botha aangevra word. | Hoofkantoor | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **10.4** | **Agri NW deelname aan die Safari Landbou Expo Karnaval by Groot Marico** | | |
| | Mnr Du Toit gee die inligting van die Safari Landbou Expo Karnaval aan die Raad deur vir kennisname. | | |
| **11.**<br>**11.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**ARBEID- & MAATSKAPLIK** | | |
| | **<u>KENNISNAME:</u>** | | |
| ▪ | ‘n Arbeid Zoom Werkswinkel is aangebied oor Arbeidswetgewing en bestuur, Bewoners-ooreenkomste en die Vergoedingskommissaris en Werksbeserings.<br>Sprekers wat opgetree het is: Mnr Christo Bester van die LWO<br>Mnr HJ Moolman, Prokureur<br>Mnr Stefan Pietersen, Admin van Werksbeserings | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Bewonersooreenkomste is deur mnr HJ Moolman opgestel en is beskikbaar by die Hoofkantoor op aanvraag by me Potgieter. | Hoofkantoor | Deurlopend. |
| (2) | Dokumentasie oor Arbeidskwessies is beskikbaar by Hoofkantoor. | | |
| (3) | Toeligting oor die Landboubedryf en Werksbeserings: Inligting is per E-pos na Affiliasies gestuur. Geleentheid om by vergaderings tegespreek te word deur mnr Stephan Pietersen. Affiliasies kan hom nooi na hul vergaderings indien hul belangstel dat hy hul kom toespreek. | | |
| (4) | Mnr Daan vd Merwe se probleem in verband met hul plaaswerkers wat tot twee dae lank sukkel om geld te trek by OTM’e is ‘’n krisis vir boere. Hierdie saak moet met Agri SA se Arbeids-komitee aanhangig gemaak word. | Dagbestuur | |
| **11.2**<br>**11.2.1** | **KOMMERSIËLE KOMITEE**<br>**VERVOER** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Agri NW se Padprobleemaanmeldingsvorm kan by me Botha aangevra word per E-pos.** | **Hoofkantoor** | |
| **(2)** | **Affiliasies word versoek om hul lede aan te moedig om Padprobleemaanmeldingsvorms van paaie waarop daar probleme ondervind word te voltooi en die Padnommer en probleme wat ondervind word moet duidelik beskryf word. Stawende bewyse soos foto’s is ook belangrik en kan net die saak versterk. Stuur dit asseblief aan die Hoofkantoor na Hessie Botha by E-posadres: hessie@agrinw.co.za.** | **Hoofkantoor / Lede** | **Deurlopend.** |
| **(3)** | **Die opvolg daarvan is ook belangrik om die vordering te monitor by die Departement.** | **Hoofkantoor / Lede** | **Deurlopend.** |
| **(4)** | **As die werk wat deur pad- / konstruksiewerkers gedoen word nie bevredigend of vol-doende is nie moet dit so spoedig moontlik deur die lede / padgebruikers aangemeld** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | **word, sodat dit opgevolg kan word met die Departement.** | | |
| **(5)** | **Affiliasies moet maandeliks aan Hoofkantoor rapporteer oor die vordering van hul pad-probleme wat hulle deur middel van die Padprobleemaanmeldingsvorms gerapporteer het, sodat dit opgevolg kan word met die Departement.** | **Affiliasies** | **Maandeliks rapporteer.** |
| **11.2.2** | **ELEKTRISITEIT - ESKOM** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Affiliasies moet hul lede versoek om hul Elektrisiteitsprobleme aan die Hoofkantoor te rapporteer deur middel van die Klantenavraagvorm.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(2)** | **Probleme wat met Rekenings ondervind word moet aan die Hoofkantoor deurgegee word, sodat daar aandag daaraan gegee kan word. Verwysingsnommers is uiters belangrik vir opvolgaksies en moet verkry word as probleem aangemeld word.** | **Affiliasies / Lede** | |
| **(3)** | **Vir enige navrae skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722 of Naude Pienaar by 082 776 8283.** | | |
| **(4)** | **Mnr Paul du Plessis van Agri Ottosdal sal die lid wat erge probleme met Eskom ondervind se detail vir Naude Pienaar stuur, sodat hy met hom kan skakel oor die probleem wat hy met Eskom het.** | **Paul du Plessis** | **So gou moontlik.** |
| **(5)** | **Die opgedateeerde inligtingstuk oor lynheffings moet deur Hoofkantoor aan die Affiliasies gestuur word.** | **Hoofkantoor** | **E-pos die inlig-tingstuk oor lynheffings.** |
| **11.2.3** | **PLAASLIKE REGERING** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Affiliasies moet hul lede versoek om te probeer om die Munisipale Waardasierolle van hul Munisipaliteite te bekom en te ontleed. Die Wetsvereiste is dat dit Markwaarde moet wees. (Byvoorbeeld Mafeking se kommunale grondwaardasie het met 60% gestyg wat totaal onaanvaarbaar is.)** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(2)** | **Eiendomsbelasting is ‘n baie belangrike saak waarop deurlopend aandag gevestig moet word.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| **(3)** | **‘n Werkwswinkel oor Eiendomsbelasting gaan gehou word. Affiliasies sal per E-pos deur Hoofkantoor per E-pos in kennis gestel word oor die datum en plek.** | **Hoofkantoor** | **Affiliasies kennis gee van Werkswinkel.** |
| **11.3** | **LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| | Mnr JP Potgieter van Star Lubricants doen ‘n aanbieding van Caltex Smeermiddels met hul, aanbod vir befondsing van veiligheid deur die aankoop van hul produkte. Affiliasies wat belang- | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | stel kan met hom skakel om hul vergadering by te woon en hy kan ook ‘n moontlike borg gee aan die Affiliasie. Dit gaan ook op Agri NW se Web beskikbaar wees. 25c/liter van alle aankope gaan na Agri NW se Beveilingsfonds | | |
| | **<u>Mnre Du Toit, Pienaar en Pretorius gee terugvoering aan die Raad oor:</u>** | | |
| ▪ | **Hantering van Grondbesettings deur regsaksies;** | | |
| ▪ | **Regsaksies befonds deur Agri NW vir die verkryging van ‘n gebiedende bevel teen grond-besettings.** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| **(1)** | **Klagtes moet deur lede ingedien word per individu as hulle jou grond onwettig betree. Betreding is die begin van beplande misdade. Die Polisie is traag en wil nie altyd optree nie. Gee die gebeure / sake ook deur aan die Hoofkantoor.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(2)** | **Affiliasies moet hul lede aanmoedig om alle sake aan te meld soos betreding van grond, veediefstal, ensovoorts.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(3)** | **Veiligheid is in vandag uiters belangrik op elke lid se plaas. Lede moet op hoogte wees van veiligheidsmaatreëls en rekordhouding is uiters belangrik om sake te kan opvolg met ‘n papierspoor.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(4)** | **Vir enige navrae of veiligheidsaangeleenthede wat in u gebied / gemeenskap plaasvind, skakel onverpoos met mnre Sarel Pretorius, Boeta du Toit of Naude Pienaar, sodat die nodige aksies geneem kan word.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(5)** | **Affiliasies wat nog nie ingeskakel is by Agri NW se Virtuele Inligtingsentrums nie word dringend versoek om met mnr Sarel Pretorius te skakel.** | **Affiliasies / Lede Veiligheidsverteen-woordigers** | |
| **(6)** | **Hoofkantoor sal die *Aviation* Wet vir *Drones* aan die Affiliasies uitstuur.** | **Hoofkantoor** | **E-pos Wet aan Affiliasies.** |
| **(7)** | **Die saak sal deur die Dagbestuur hanteer word en die nodige aksies bespreek, waarna die saak aan die Affiliasies deurgegee sal word.** | **Dagbestuur / Affiliasies** | **Dagbestuur inligting deurgee aan Affiliasies.** |
| **11.4** | **LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| | Mnr Du Toit en De Chavonnes Vrugt rapporteer aan die vergadering vir KENNISNAME: | | |
| | <u>Markwaarde seëvier in Jakkelsdans-uitspraakOnteiening sonder vergoeding:</u> | | |
| ▪ | Agri SA verwelkom die uitspraak gelewer deur regter Cowen in die Grondeisehof op 11 Februa-rie 2022 met betrekking tot die vergoedingsdispuut tussen die Minister van Landbou, Grondher- | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | vorming en Landelike Ontwikkeling en eienaars van onderverdelings van die plaas Jakkelsdans. Agri SA is verbind tot volhoubare en regverdige grondhervorming en hieredie uitspraak bevestig die kernbeginsel van eiendomsreg as die grondslag van 'n volhoubare, veerkragtige en inklusiewe Landbousektor vir geslagte wat kom. | | |
| ▪ | Die uitspraak van die Grondeisehof in die Jakkelsdans-aangeleentheid bepaal dat die Staat grondeienaars volle markwaarde vir hul grond moet bied indien geen ander faktore bepaal in Artikel 25(3) van die Grondwet van toepassing is nie. | | |
| **11.5** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | **<u>KENNISNAME:</u>** | | |
| ▪ | Agri NW het R50 000 geskenk vir Agri Noord-Kaap vir die bespuiting van die bruin Sprinkaanplaag. | | |
| **11.6** | **JONGBOERE** | | |
| | **<u>KENNISNAME:</u>**<br>Jongboerbeoordeling: Dit word eersdaags afgehandel, sodat die Jongboer van die Jaar tydens die Jongboerkonferensie aangewys kan word..<br>Finaliste: Me Anje Lubbe Agri Makwassie<br>Mnr Herman du Preez Agri Klippan<br>Mnr Fanie Badenhorst Agri Kameel<br>Jongboerkonferensie: Word gehou op 29 April 2022 by The Barn, Senwes, Klerksdorp. Senwes is die Hoofborg.<br>Tema: Boer pro-aktiief – Dis jou beurt!<br>Jongboertoer: Die beplande Jongboertoer se datum is vanaf 4 tot 6 April 2022.<br>Mnr Edric Badenhorst is verkies as die nuwe Voorsitter van die Jongboere. | | |
| **12.** | **AGRI SA-VERSLAGDOENING** | | |
| | Mnre Willem De Chavonnes Vrugt, Cobus van Zyl, Boeta du Toit en Naude Pienaar gee kortliks terugvoering oor belangrike sake wat nie onder die Komitees hanteer is nie. | | |
| **13.**<br>**13.1** | **BEDRYFSORGANISASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr Nico Kilian lewer kortliks verslag:<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>**Veilingshuise / Abattoirs moet versoek word om aan die kwalifiserende vereistes te voldoen wat deur APAC gestel is. Mnr Willem van Jaarrsveld doen tans oudits by Veilingshuise in verband met die APAC-Regulasies wat toegepas moet word.** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪ | **Veilingshuise / Abattoirs versoek word om die Vrywillige Heffings van 0,15% by alle kopers af te trek en aan die NWRPO oor te betaal. Die wat dit nie wil laat doen nie moet vooraf met die Vei lingshuise reëlings daarvoor tref.** | **Veilingshuise** | **Deurlopend.** |
| ▪ | **Probleme wat by Veilingshuise ondervind word moet aan die Hoofkantoor deurgegee word.** | **Affiliasies** | **Deurlopend.** |
| ▪ | **Die NWRPO-Kongres word gehou op 25 Mei 2022 by The Barn, Senwes, Klerksdorp. Affiliasies word versoek om die inligting aan hul lede deur te gee vir die bywoning daar-van.** | | |
| **13.2** | **GSA** | | |
| | Mnr Danie Reichel lewer kortliks verslag. | | |
| ▪ | Nampo word aangebied vanaf 16 tot 20 Mei 2022 te Nampo Park, Bothaville. Besoekers kan aanlyn kaartjies koop – 15 000 mense gaan toegelaat word. | | |
| ▪ | Lede word aangeraai om vroegtydig kunsmis aan te koop, aangesien dit skaars en duur gaan wees. | | |
| **14.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 9 Junie 2022. Kennis sal aan lede gegee word. | | |
| **15.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank die Raadslede vir hul deelname en waardevolle insette tydens vergade-ring. ‘n Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **16.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Die vergadering verdaag om 13:30. | | |

……………………………………………………… ……………………………………… ………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**